

## 25 Februarie      Lukas 9:18-27, (Teks: 23 en 24)

### *Die ware dissipel van Jesus Christus*

Jesus stippel hier aan sy dissipels uit wat die voorwaardes is om egte dissipels van Hom te kan wees. Die eerste voorwaarde wat Hy gee is selfverloëning. Die "eie ek" wat altyd sorg dat jou belange nie skade ly nie, moet plek maak vir die gestalte van Christus in jou lewe, wat volgens Fil. 2 die gestalte van 'n dienskneg moet wees. Jy moet 'n dienaar van jou Here en jou naaste wees. Jy moet Hom nie volg ter wille van die voordeel wat jy daaruit kan put nie, maar ter wille van die Here.

Die tweede voorwaarde bring die dissipel se lewe in ooreenstemming met die lewe van die Een wat hom gestuur het: Hy moet elke dag sy kruis opneem! 'n Dissipel moet bereid wees om lyding te verduur om Christus wil. Ons is bereid om op te staan vir ons tradisies, ons afkoms, ons taal, maar wat is ons bereid om vir die Here te offer? Hoe dikwels draai ons nie die gesig weg as iemand in ons teenwoordigheid die Here laster nie? Jesus het nie teruggedeins vir die kruis wat Hy moes dra nie; met oorgawe het Hy sy Vader se wil volbring.

Die derde voorwaarde het betrekking op ons geloofsdade: Die ware dissipel moet volg. Ons moenie net in naam dissipels wees nie, maar veral in daad. In voorspoed en in teëspoed moet ons steeds in die voetspore van Christus volg. Iemand wat net staan en toekyk, is geen ware dissipel nie. Vir so 'n dissipel sal die Here Hom skaam wanneer Hy weer kom om te oordeel.

Die wat ware dissipels is en volhard tot die einde toe, hulle sal die loon van die ewige lewe ontvang - nie omdat hulle sulke wonderlike dissipels was nie, maar omdat God Hom nie vir hulle skaam nie.

Sing: Psalm 100:2,3,4

Ds. A.B. van der Walt (Sannieshof)